KOM HUISTOE-NUUSBRIEF

Nommer 34 - Desember 2006

Soos gebruiklik, begin ons met die noodsaaklike herhalings ... Hierdie is die gratis nuusbrief van die Kom Huistoe-Veldtog van AfriForum vir alle Suid-Afrikaners wat na Suid-Afrika wil terugkeer, reeds terug is of besig is om terug te keer. Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die e-pos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Die nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die medewerkers en adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie. Lewer asseblief ook kommentaar op hulle dienslewering.

Kersgroete aan almal!

Soos in die vorige nuusbrief genoem, is ons webwerf baie uitgebrei en aangevul – gaan loer gerus in by **www.komhuistoe.co.za**!

Ons het reeds 'n hele magdom CVs op die nuwe databasis. Stuur joune aan as jy vanaf Januarie 2007 op soek na werk in Suid-Afrika is.

Die Feestyd-stilte daal neer oor die land. Ons is DV nog tot 22 Desember 2006 op kantoor en sluit dan tot 3 Januarie 2007. Navrae kan deurgaans na ons e-posadres gestuur word (**alana@solidariteit.co.za**). Ons belowe om dit te beantwoord sodra ons terug is.

En nou vir die nuus ...:

INLIGTING OOR LEWENSKOSTE IN SUID-AFRIKA

Annatjie het pas weer *IMFO*, ons brosjure met inligting oor lewenskoste in Suid-Afrika opgedateer. Stuur 'n leë e-pos met die onderwerp "IMFO" aan ons om 'n gratis kopie per epos te

ontvang. Dit beslaan 14 A4-bladsye en is in MS Word opgestel. Jy kan die brosjure gebruik om te bepaal wat van 'n Opel Corsa Lite tot 'n Porsche, 'n kilogram aartappels, 'n paar kouse, 'n kilogram waspoeier of 'n gemiddelde huis in Gauteng jou sal kos ... en nog veel meer. *IMFO* word elke drie maande opgedateer.

OP SOEK NA INLIGTING OOR EIENDOM IN SUID-AFRIKA?

Besoek **www.realty-1.co.za** vir praktiese antwoorde op al jou vrae en teken ook op Realty-1 se bondige maandelikse nuusbrief in.

LOONVERHOGING VIR SUID-AFRIKAANSE HUISWERKERS

Vanaf 1 Desember 2006 moet Suid-Afrikaanse huiswerkers se lone aangepas word. Die Departement van Arbeid het tabelle beskikbaar gestel waarvolgens die aanpassings moet geskied. Die Departement se webwerf bied ook voorbeelde van kontrakte wat jy vir jou werkers moet opstel en 'n verduideliking van wetgewing wat in dié verband geld. Wanneer 'n mens na Suid-Afrika terugkeer en beplan om 'n huiswerker aan te stel, is dit 'n goeie idee om die leesstof te bestudeer. Die Departement se adres is **www.labour.gov.za**.

DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

In die eerste drie kwartale van 2006 was die Suid-Afrikaanse ekonomiese jaar op jaar groeikoers meer as 4,4%. Dit is steeds nie die optimale groeikoers van 6% wat nodig is as Suid-Afrika, ingevolge ASGISA (the Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa) sy werkloosheidskoers wil halveer nie, maar dit neig in die regte rigting. As die landbousektor uit die berekening van BBP gelaat word, het die ekonomie teen 5% gegroei. Die rede vir die negatiewe groei (-14,9%) in die landbousektor is dat daar, op versoek van Graan Suid-Afrika, verlede jaar minder aanplanting gedoen is. Daar word egter verwag dat aanplanting in die komende jaar sal verdubbel tot meer as 2,7 miljoen hektaar. Die landbousektor behoort dus in die komende jaar 'n positiewe bydrae tot die BBP te maak.

Die jongste inflasiesyfers vir Oktober 2006 toon dat VPIX van 5,1% tot 5,0% afgeneem het. Die verwagting was dat VPIX tot 4,8% sou daal. Die laer VPIX-syfer kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die daling van brandstofpryse die afgelope tyd. Daar word egter verwag dat brandstofpryse in die vakansieseisoen moontlik verder kan daal, wat 'n positiewe uitwerking op inflasie sal hê.

Die nuutste privaatsektor-kredietverleningsyfers toon dat kredietverlening teen 27,5% in September 2006, die hoogste in 17 jaar is. Die maand tot maand groei het egter afgeneem van 2,8% (R37,7 miljard) in September 2006 na 1,8% (R25,2 miljard) in Oktober 2006. Die groei in verbandlenings word steeds deur lae rentekoerse en die besnoeiing in oordragkoste gedryf. Met verloop van tyd behoort die groei in verbandlenings en hoë motorverkope egter getemper te word, omdat daar 'n tydsverloop is voordat die uitwerking van rentekoerse waargeneem kan word.

Die repokoers is tans 8,5% en die prima uitleenkoers 12,5%. Op 'n positiewe noot kan die sterker rand en die verlaging in brandstofpryse dalk rentekoersverhogings (ná moontlike stygings in Februarie en April 2007) fnuik, mits verbruikersbesteding afneem! Rentekoerse kan miskien meer stabiel bly in 2007, mits verbruikersbesteding en die inflasionêre druk as gevolg van voedselpryse afneem.

VERSOEK AAN ALLE SUID-AFRIKANERS MET 'N PASSIE VIR AFRIKAANS

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns beplan om sy 100-jarige bestaan te vier deur van ons taal se mooiste gedigte met vertalings in Engels te publiseer. Dit sal 'n koffietafelboek wees. Omdat Afrikaans op sy mooiste en oorspronklikste manifesteer in gedigte,

meen ons dat so 'n publikasie dalk 'n vertoonstuk vir Afrikaans in u nuwe permanente of tydelike vaderland sou wees.

Om dit te kan uitgee, moet ons 'n aanduiding kry van die afsetmoontlikhede van so 'n publikasie. Dit moet naamlik 'n finansieel haalbare onderneming wees. Na skatting kan so 'n publikasie, as dit 'n glansuitgawe gaan wees, minstens R200-00 per eksemplaar kos. Ons doen 'n beroep op u om op hierdie skrywe te reageer indien u in bogenoemde publikasie sou belangstel.

Indien u miskien sal oorweeg om so 'n bundel aan te skaf, stuur net 'n leë e-pos aan **gedigte@getresponse.com**. Ons waardeer u inset! Onthou dat u onder geen verpligting is om dit wel te koop nie!

WERK BESKIKBAAR!

AfriForum beplan 'n omvattende uitbel-bemarkingsaksie wat DV op 8 Januarie 2007 'n aanvang gaan neem. Vir die doel van die aksie word dringend na Afrikaanssprekende belsentrum-agente gesoek wat vir minstens die volgende maand beskikbaar sal wees om vanaf 'n belsentrum in Midrand te werk. Ons sal dit waardeer as applikante hulle CV's per e-pos kan stuur aan *'e-ffective people* personeelagentskap by **michellel@e-centric.co.za** of faks na 0027-11-3151988 en dit asseblief "VIR AANDAG: MICHELLE LOUW" merk.

POSTE VIR FINANSIËLE ADVISEURS BY OU MUTUAL

Jannie Heymans van **Ou Mutual** (Hatfield, Pretoria) is deurlopend op soek na mense wat 'n beroep as Finansiële Adviseur oorweeg. Mense wat belangstel, kan 'n CV aan hom besorg:

Per hand:	Jannie Heymans, Ou Mutual Hatfieldtak, Pencardia 1, Tweede vloer, Pretoriusstraat 509, Arcadia, Pretoria;
Per pos:	J.G. Heymans, Ou Mutual Hatfieldtak, Posbus 5, Pretoria, 0001, SA;
Per faks:	"Vir aandag : Jannie Heymans" – 0027-12-4835325;
Per e-pos:	**jheymans@oldmutual.com**.

TERUGVOER – GOEDKOOP VLUGTE

Die Van Dijks wil Suid-Afrikaners help om goedkoper tussen Australië/Nieu-Seeland en Suid-Afrika te reis. Hulle sou graag voornemende passasiers wat vanaf April 2007 van 'n direkte retoervlug tussen Johannesburg en Sydney/Auckland, asook 'n direkte retoervlug tussen Sydney/Auckland en Johannesburg gebruik wil maak, op 'n lys sit. Sodra daar 16 of meer mense in 'n groep is, kan hulle reël om 'n datum met die lugredery vas te maak. Elkeen in so 'n groep sal ongeveer R1 000 of 200 AUD teen die huidige wisselkoers kan bespaar. Belangstellendes kan Evert en Delia van Dijk kontak by **deliag@slingshot.co.nz** of in Australië by (09) 5701490.

PRAGPUBLIKASIE BESKIKBAAR – *Joburg! The Passion Behind a City*

Affinity Publishing in South Africa has recently published a book entitled *Joburg! The Passion Behind City.* This 408 page coffee table-style book includes around 1000 pictures and 100 articles reflecting the renewal and development underway in Johannesburg at multiple levels – from infrastructure to social investment – and as such offers readers insight into the transformation taking place throughout the whole metropolitan area, from Midrand to Soweto.

It recognises the people behind Joburg's rejuvenation and showcases the positive change that these people – either through their individual actions or those of the organisations in which they work – have brought about in the city.

Anyone considering investing in Johannesburg should read this book. *Joburg! The Passion Behind a City* conveys a message of optimism and pride regarding this extraordinary city, its people and its future.

Joburg! The Passion Behind a City can be purchased directly from the publisher at R330-00 (excluding delivery). For more information or to place an order please contact **Joburg@brandsandbranding.co.za** or log onto **www.thejoburgbook.co.za**.

GOEIE NUUS VIR ALMAL WAT TE VEEL INPAK ...

Postnet bied 'n spesiale diens aan vir mense wat met ekstra bagasie wil vlieg. Jy kan tot 40% spaar deur die ekstra bagasie deur hulle te versend. Dit word na tot 400 lughawes wêreldwyd aangestuur. Postnet sal dit ook vir jou verpak of selfs by jou kom oplaai. Inligting is beskikbaar van **www.postnet.co.za**.

HUUR EIENDOM IN DIE KAAP

Mense wat eiendom in die Kaap wil huur, kan kontak maak met **www.capetownplaces.com**. Hulle het huise en woonstelle (leeg of ten volle gemeubileerd) vir langtermyn kontrakte beskikbaar teen van R1 500 tot R30 000 per maand, asook blyplek vir korter termyne, byvoorbeeld vir vakansies, teen weeklikse tariewe. Hulle kan ook help om motors te huur, uitstappies vir toeriste te reël of kinderoppassers te vind. Kontak hulle by tel: 0027-21-4259945, e-pos: **info@capetownplaces.com** of besoek **www.capetownplaces.com**.

INLIGTING OOR BELEGGINGS, MEDIESE SKEMAS OF KORTTERMYN VERSEKERING IN SUID-AFRIKA NODIG?

Stuur alle navrae gerus aan ons deur die webwerf **www.komhuistoe.co.za**. Dit sal so gou as moontlik deur ons medewerkende deskundiges beantwoord word. Hierdie is 'n gratis diens van AfriForum se Kom Huistoe-Veldtog.

GESONDHEIDSWENK

Die moderne lewe se stres het al meer bloeddrukverwante probleme tot gevolg. 'n Paar van ons vriende onder 50 het die laaste paar jaar beroertes gekry en nie geweet wat hulle makeer nie. In een geval het vreemdes om die sieke selfs gedink hy is dronk en het geen hulp verleen nie. Teen die tyd wat beroerte by hom gediagnoseer is, het hy al neurologiese skade opgedoen. Baie van julle het dalk al hierdie e-pos gekry, maar lees dit tog weer:

A neurologist says that if he can get to a stroke victim within 3 hours, he can totally reverse the effects of a stroke. He says the trick is getting a stroke recognised, diagnosed, and then getting the patient medically cared for within 3 hours. Sometimes symptoms of a stroke are difficult to identify. Unfortunately, the lack of awareness spells disaster. The stroke victim may suffer severe brain damage when people nearby fail to recognise the symptoms of a stroke. For recognising a stroke, remember the "3" steps with the letters STR:

S: Ask the individual to **SMILE**.
T: Ask the person to **TALK & SPEAK A SIMPLE SENTENCE** (coherently, i.e., "It is sunny out today").
R: Ask him or her to **RAISE BOTH ARMS**.

Another "sign" of a stroke is this: Ask the person to stick out their tongue. If the tongue is "crooked", if it goes to one side or the other, that may also indicate a stroke. If he or she has trouble with any one of these tasks, get medical help immediately and describe the symptoms to the medical professional.

NUWEJAARSBOODSKAP VAN KALLIE KRIEL, UITVOERENDE HOOF VAN AFRIFORUM

Raak meer betrokke in 2007!

Hierdie tyd van die jaar is baie mense besig om vir hulleself nuwejaarsvoornemens te stel. AfriForum se wens is dat almal van ons se nuwejaarsvoornemens ook 'n wilsbesluit sal insluit om in die komende jaar nog meer betrokke te raak by ons kultuur- en plaaslike gemeenskap.

Ons mense het die afgelope dekade toenemend van die openbare debat en aksies begin onttrek. Sommige het na binne "geëmigreer" deurdat hulle steeds in die land bly, maar slegs fokus op hulle eie ekonomiese oorlewing – geestelik afgesonder van die gemeenskap waarbinne hulle hulleself bevind. Ander voer hierdie onttrekking nog verder deur fisies na 'n ander land te emigreer.

Hierdie onttrekking het eerstens meegebring dat ons spreekwoordelik ons gemeenskaplike openbare stem in die land verloor het. 'n Afwesige stem of onhoorbare stem word natuurlik doodeenvoudig in besluitnemingsprosesse geïgnoreer. Mag ons gemeenskap ons openbare stem verder terugkry in die komende jaar.

'n Tweede negatiewe effek van die neiging tot onttrekking, is dat die samehorigheidsgevoel in plaaslike gemeenskappe skade lei. Van ons ken nie eens ons bure nie. Die mens is nie net 'n individu nie, maar ook 'n groepswese. 'n Mense se lewe kan net tot sy volle reg kom deur benewens jou persoonlike aktiwiteite, ook aktief deel te vorm van 'n gemeenskap. Mag ons in die komende jaar vir mekaar omgee en mekaar bystaan.

Namens AfriForum wil ek u bedank vir u ondersteuning van die afgelope jaar en u sterkte vir 2007 toewens!

OOK MET KERSGROETE EN DIE HERE SE SEËNWENSE VIR 2007, VAN:

Alana & Annatjie
Migrasie
AfriForum
[Alana@solidariteit.co.za / Annatjie@solidariteit.co.za]